p 61 p 66

Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 1.] PRYS 5c. PRETORIA, 25 AUGUSTUS 25 AUGUST 1961. PRICE 5c. [No. 66.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

VOLKSRAAD.

Ooreenkomstig artikel *honderd-vyf-en-sewentig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, verklaar ek hiermee dat daar 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging in die Volksraad van die Kiesafdeling Moorreesburg vanaf 1 Augustus 1961, op watter datum ek die bedanking van Sy Edele Francois Christiaan Erasmus as lid vir daardie afdeling ontvang het.

H. J. KLOPPER,
Speaker,

Speakerskantoor,
Die Volksraad,
Kaapstad, 1 Augustus 1961.

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

HOUSE OF ASSEMBLY.

Pursuant to section *one hundred and seventy-five* of the Electoral Consolidation Act, 1946, I hereby declare that a vacancy has occurred in the representation in the House of Assembly of the Electoral Division of Moorreesburg as from the 1st August, 1961, upon which date I received the resignation of the Honourable Francois Christiaan Erasmus as member for that Division.

H. J. KLOPPER,
Speaker,

Mr. Speaker's Chambers,
House of Assembly,
Cape Town, 1st August, 1961.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 56, 1961.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE BAKGATLA-BA-MMAKAUSTAM ONDER KAPTEIN M. M. MOTSEPE IN DIE DISTRIKTE PRETORIA EN BRITS.

Nademaal die Bakgatla-ba-Mmakaustam onder kaptein M. M. Motsepe in die distrikte Pretoria en Brits vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel om die Bakgatla-ba-Mmakaustamowerheid in staat te stel om sy werksaamhede uit te voer;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van twee rand per jaar vir die jare 1961 tot en met 1965 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 56, 1961.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE BAKGATLA-BA-MMAKAU TRIBE UNDER CHIEF M. M. MOTSEPE IN THE PRETORIA AND BRITS DISTRICTS.

Whereas the Bakgatla-ba-Mmakau Tribe under Chief M. M. Motsepe in the Districts of Pretoria and Brits has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds to enable the Bakgatla-ba-Mmakau Tribal Authority to carry out its functions;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of two rand per annum for the years 1961 to 1965, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1961 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan, ten opsigte van die jaar 1961, en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vierde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.
M. D. C. DE W. NEL.
521/213

No. 57, 1961.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE AMANDEBELESTAM ONDER KAPTEIN H. J. C. KEKANA IN DIE GEBIED HAMMANSKRAAL, DISTRIK PRETORIA.

Nademaal die Amandebelestam onder kaptein H. J. C. Kekana in die gebied Hammanskraal, distrik Pretoria, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel om die Amandebelestamowerheid in staat te stel om sy werksaamhede uit te voer;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van een rand per jaar vir die jare 1962 tot en met 1966 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is verskuldig en betaalbaar op die eerste dag van Januarie van elke jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vierde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.
M. D. C. DE W. NEL.
520/213.

No. 58, 1961.]

AFSONDERING VAN NATURELLE IN DIE STADSGEBIED STILFONTEIN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat alle Naturelle binne die grense van die stadsgebied Stilfontein, met uitsondering van dié wat kragtens subartikel (2) van genoemde artikel vrygestel is, met ingang van die datum van afkondiging hiervan in 'n lokasie, Naturelledorp of Naturelletehuis moet woon.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tweede dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.
M. D. C. DE W. NEL.
A. 18/1647.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1961 and shall become due and payable on the date of publication hereof, in respect of the year 1961, and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fourth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. D. C. DE W. NEL.
521/213

No. 57, 1961.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE AMANDEBELE TRIBE UNDER CHIEF H. J. C. KEKANA IN THE HAMMANSKRAAL AREA, PRETORIA DISTRICT.

Whereas the Amandebele Tribe under Chief H. J. C. Kekana in the Hammanskraal area, Pretoria District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds to enable the Amandebele Tribal Authority to carry out its functions;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of one rand per annum for the years 1962 to 1966, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall become due and payable on the first day of January of each year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fourth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. D. C. DE W. NEL.
520/213.

No. 58, 1961.]

SEGREGATION OF NATIVES IN THE URBAN AREA OF STILFONTEIN.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *nine* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that, with effect from the date of promulgation hereof, all Natives, other than those exempted under the provisions of sub-section (2) of the said section, within the limits of the urban area of Stilfontein, shall reside in a location, Native village or Native hostel.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Second day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. D. C. DE W. NEL.
A. 18/1647.

No. 59, 1961.]

DEPROKLAMERING VAN GROND AS 'N ALLUVIALE DELWERY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek dat die grond in die bygaande Bylae beskryf en geleë in die myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, naamlik grond wat by Proklamasie No. 294 van 1928 tot 'n alluviale delwery vir edelgesteentes geproklameer is, met ingang van die eerste dag na publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

J. DE KLERK.
M.M. 35/12.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
Daardie gedeelte van die resterende gedeelte van Gedeelte C	Ongeveer 458 morg 382 vierkante roede, uitsluitende 'n uitspanning, ongeveer 59 morg 233 vierkante roede groot	J. G. Labuschagne en andere.
Resterende gedeelte van Gedeelte D	Ongeveer 477 morg 407 vierkante roede	E. M. Hugo en andere.
Gedeelte 1 van Gedeelte E van die plaas Holfontein No. 49, registrasieafdeling I.Q., distrik Randfontein (voorheen No. 35, distrik Ventersdorp) soos aangetoon op sketskaart R.M.T. No. 2326	468 morg 326 vierkante roede	E. M. Hugo en andere.

No. 60, 1961.]

VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.—WYSIGING.

Nademaal die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, ingevolge die bepalings van subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (*c*) van subartikel (3) van artikel *sewentien* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, sekere voorgestelde wysigings soos in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Vee- en Vleisreëlingskema gepubliseer in die Bylae van Proklamasie No. 265 van 1945, soos gewysig, aangeneem het en kragtens die bepalings van paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van genoemde Wet, goedkeuring van die genoemde voorgestelde wysigings aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig*, gelees met subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysigings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

D. C. H. UYS.

WYSIGING VAN VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.

BYLAE.

(1) Artikel 3 van die Skema word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woord „drie-en-twintig" te vervang deur die woord „vier-en-twintig";

No. 59, 1961.]

DEPROCLAMATION OF LAND AS AN ALLUVIAL DIGGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I hereby declare that the land described in the attached Schedule, situate in the Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as an alluvial digging for precious stones under Proclamation No. 294 of 1928, shall be closed and deproclaimed as an alluvial digging for precious stones as from the first day after the publication of this Proclamation in the *Government Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Seventh day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.
M.M. 35/12.

SCHEDULE.

Description of Ground.	*Extent.*	*Registered Owner.*
That portion of the remaining extent of Portion C	Approximately 458 morgen 382 square roods, excluding an outspan, in extent approximately 59 morgen 233 square roods	J. G. Labuschagne and others.
Remaining Extent of Portion D	Approximately 477 morgen 407 square roods	E. M. Hugo and others.
Portion 1 of Portion E of the farm Holfontein No. 49, Registration Division I.Q., District Randfontein (formerly No. 35, District Ventersdorp) as shown on sketchplan R.M.T. No. 2326	468 morgen 326 square roods	E. M. Hugo and others.

No. 60, 1961.]

LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.—AMENDMENT.

Whereas the Minister of Agricultural Economics and Marketing has, by virtue of the provisions of sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (*c*) of sub-section (3) of section *seventeen* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, accepted certain proposed amendments, as set out in the Schedule hereto, to the Livestock and Meat Control Scheme published in the Schedule to Proclamation No. 265 of 1945, as amended, and has in terms of the provisions of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the said Act recommended the approval of the said proposed amendments;

Now, therefore, under the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *twenty-two*, read with sub-section (4) of section *twenty-three* of the said Act, I do hereby declare that the said amendments shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this the Twelfth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

D. C. H. UYS.

AMENDMENT OF LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.

SCHEDULE.

(1) Section 3 of the Scheme is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-section (1), for the word "twenty-three" of the word "twenty-four";

(*b*) deur in paragraaf (*f*) van subartikel (1)—

(i) na die woord „ kleinhandelslagter " die woorde „ in beheerde gebiede " in te voeg; en

(ii) voor die woord „ kleinhandelslagterslid " die woorde „ beheerde gebiede se " in te voeg; en

(*c*) deur na paragraaf (*f*) *bis* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:—

„(*f*) *ter* een slagters moet verteenwoordig wat buite die beheerde gebiede besigheid doen (hierna die ‚plattelandse slagterslid' genoem) en wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4) *ter* van artikel 4 genomineer moet word;";

(2) Artikel 4 van die Skema word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(4) die beheerde gebied se kleinhandelslagterslid moet 'n beheerde gebied kleinhandelslagter wees wat nie direk of indirek by 'n groothandelslagter of 'n firma wat groothandelslagtersbesigheid doen, betrokke is nie, en moet genomineer word deur 'n vereniging of verenigings wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend is van beheerde gebied kleinhandelslagters in die Republiek,"; en

(*b*) deur na subartikel (4) *bis* die volgende subartikel in te voeg:—

„(4) *ter* die plattelandse slagterslid moet 'n slagter wees wat nie direk of indirek verbonde is aan enige slagter of firma wat in 'n beheerde gebied as slagter besigheid doen nie en hy moet genomineer word deur 'n vereniging of verenigings wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend van plattelandse slagters in die Republiek is.".

No. 61, 1961.]

WITRIVIERVALLEI-BEWARINGSDISTRIK, DISTRIKTE NELSPRUIT EN PELGRIMSRUST, TRANSVAAL.—UITBREIDING VAN GRENSE.

Nademaal die grense van die Witriviervallei-bewaringsdistrik, distrikte Nelspruit en Pelgrimsrust, Transvaal, by Proklamasie No. 226 van 1941 beskryf is;

En nademaal subartikel (1) van artikel *ses-en-sewentig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat die Staatspresident op aanbeveling van die Minister van Waterwese enige addisionele gebied by 'n bestaande besproeiingsdistrik kan insluit;

En nademaal dit dienstig geag word om die grense van die Witriviervallei-bewaringsdistrik te wysig ten einde 'n addisionele gebied daarby in te sluit;

En nademaal die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige insluiting van addisionele grond nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *ses-en-sewentig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde Proklamasie No. 226 van 1941 hierby gewysig word deur die skrapping van die Bylae daarvan en deur die vervanging daarvan deur onderstaande Bylae sodat 'n addisionele gebied by die Witriviervalleibewaringsdistrik ingesluit word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vierde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

P. M. K. LE ROUX.

(*b*) by the insertion in paragraph (*f*) of sub-section (1)—

(i) after the word " butchers ", where it occurs for the first time, of the words " in controlled areas "; and

(ii) before the word " retail ", where it occurs for the second time, of the words " controlled area "; and

(*c*) by the insertion after paragraph (*f*) *bis* of sub-section (1) of the following paragraph:—

" (*f*) *ter* one shall represent butchers operating outside controlled areas (hereinafter called the 'country butchers' member') who shall be nominated in accordance with the provisions of sub-section (4) *ter* of section 4; ";

(2) Section 4 of the Scheme is hereby amended—

(*a*) by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:—

" (4) The controlled area retail butchers' member shall be a controlled area retail butcher who is not directly or indirectly connected with any wholesale butcher or firm engaged in business as a wholesale butcher, and shall be nominated by an association or associations which, in the opinion of the Minister, are representative of controlled area retail butchers in the Republic,"; and

(*b*) by the insertion after sub-section (4) *bis*, of the following sub-section:—

" (4) *ter* the country butchers' member shall be a butcher who is not directly or indirectly connected with any butcher or firm engaged in business as a butcher in a controlled area and shall be nominated by an association or associations which, in the opinion of the Minister, are representative of country butchers in the Republic.".

No. 61, 1961.]

WHITE RIVER VALLEY CONSERVATION DISTRICT, DISTRICTS OF NELSPRUIT AND PILGRIM'S REST, TRANSVAAL.—EXTENSION OF BOUNDARIES.

Whereas the boundaries of the White River Valley Conservation District, Districts of Nelspruit and Pilgrim's Rest, Transvaal, have been defined by Proclamation No. 226 of 1941;

And whereas it is provided by sub-section (1) of section *seventy-six* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), that the State President may upon a recommendation of the Minister of Water Affairs, include any additional area in an existing irrigation district;

And whereas it is desirable to alter the boundaries of the White River Valley Conservation District to include an additional area;

And whereas the provisions of the said Act in connection with such an inclusion of additional land have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *seventy-six* of the said Act, I do hereby declare that the said Proclamation No. 226 of 1941 is hereby amended by the deletion of the Annexure thereto and by the substitution of the following Annexure so as to include an additional area in the White River Valley Conservation District.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fourth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

BYLAE.

BESKRYWING VAN DIE EIENDOMME WAT DIE WITRIVIER VALLEI-BEWARINGSDISTRIK, DISTRIKTE NELSPRUIT EN PELGRIMSRUST, TRANSVAAL, UITMAAK.

Die volgende eiendom geleë in die distrik Pelgrimsrust:—

Kruisfontein No. 226—J.T. (voorheen No. 104).

Die volgende eiendomme geleë in die distrik Nelspruit:—

Zwartfontein No. 227—J.T. (voorheen No. 47); Klipkopje No. 228—J.T. (voorheen No. 49); Claremont No. 61—J.U. (voorheen No. 111); Goedhoop No. 60—J.U. (voorheen No. 36); Paardekop No. 59—J.U. (voorheen No. 50); The Fountains No. 58—J.U. (voorheen No. 17); Nooitgedacht No. 62—J.U. (voorheen No. 3); White River No. 64—J.U. (voorheen No. 6), met uitsondering van die Witrivier-dorpsgebied en uitbreidings soos geproklameer by die volgende Proklamasies: No. 24 van 1905, No. 78 van 1948, No. 276 van 1951 (voorheen Proklamasie No. 127 van 1937), No. 296 van 1951; Waterval No. 65—J.U. (voorheen No. 187); The Ranch No. 66—J.U. (voorheen No. 166); Curlews Nedersetting No. 100—J.U. (voorheen No. 202); Blinkwater No. 101—J.U. (voorheen No. 174); Umgenyana No. 102—J.U. (voorheen No. 161); The Curlews No. 103—J.U. (voorheen No. 24); Primkop No. 116—J.U. (voorheen No. 16); Manchester No. 121—J.U. (voorheen No. 179); The Valley Farm No. 127—J.U. (voorheen No. 45); en Goedehoop No. 128—J.U. (voorheen No. 172).

BESKRYWING VAN DIE SUBDISTRIKTE.

Subdistrik I.

Kruisfontein No. 226—J.T., geleë in die distrik Pelgrimsrust en Zwartfontein No. 227—J.T., Klipkopje No. 228—J.T., Claremont No. 61—J.U., Goedhoop No. 60—J.U., Paardekop No. 59—J.U., The Fountains No. 58—J.U. en Nooitgedacht No. 62—J.U., geleë in die distrik Nelspruit.

Subdistrik II.

White River No. 64—J.U. (met uitsluiting van die Witrivier-dorpsgebied en uitbreidings), Waterval No. 65—J.U., The Ranch No. 66—J.U., Curlews Nedersetting No. 100—J.U. en Blinkwater No. 101—J.U., geleë in die distrik Nelspruit.

Subdistrik III.

Umgenyana No. 102—J.U., The Curlews No. 103—J.U., Primkop No. 116—J.U., Manchester No. 121—J.U., The Valley Farm No. 127—J.U. en Goedehoop No. 128—J.U., geleë in die distrik Nelspruit.

No. 62, 1961.]

WET OP SEEVISSERYE, No. 10 VAN 1940.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), soos gewysig, verklaar ek hierby dat niemand—

(i) pelsers (*Sardinops ocellata*) gedurende die tydperk van die eerste dag van Augustus tot die een-en-dertigste dag van Desember, in enige jaar, met inbegrip van die twee datums; of

(ii) marsbankers („horse mackerel") (*Trachurus trachurus*) of makriel (*Scomber japonicus*) gedurende die tydperk van die eerste dag van Augustus tot die een-en-dertigste dag van Oktober, in enige jaar, met inbegrip van die twee datums,

in die gebied begrens deur die kuslyn noordwaarts van Kaap Agulhas tot by die suidelike oewer van die Oranjeriviermond; daarvandaan in 'n reguit lyn reg weswaarts oor 'n afstand van 100 myl tot by 'n punt in die see, daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n suidelike rigting tot by

ANNEXURE.

DESCRIPTION OF THE PROPERTIES COMPRISING THE WHITE RIVER VALLEY CONSERVATION DISTRICT, DISTRICTS OF NELSPRUIT AND PILGRIM'S REST, TRANSVAAL.

The following property situated in the District of Pilgrim's Rest:—

Kruisfontein No. 226—J.T. (formerly No. 104).

The following properties situated in the District of Nelspruit:—

Zwartfontein No. 227—J.T. (formerly No. 47); Klipkopje No. 228—J.T. (formerly No. 49); Claremont No. 61—J.U. (formerly No. 111); Goedhoop No. 60—J.U. (formerly No. 36); Paardekop No. 59—J.U. (formerly No. 50); The Fountains No. 58—J.U. (formerly No. 17); Nooitgedacht No. 62—J.U. (formerly No. 3); White River No. 64—J.U. (formerly No. 6), with exception of the White River Municipal area and extensions as proclaimed by the following Proclamations: No. 24 of 1905, No. 78 of 1948, No. 276 of 1951 (formerly Proclamation No. 127 of 1937), No. 296 of 1951; Waterval No. 65—J.U. (formerly No. 187); The Ranch No. 66—J.U. (formerly No. 166); Curlews Settlement No. 100—J.U. (formerly No. 202); Blinkwater No. 101—J.U. (formerly No. 174); Umgenyana No. 102—J.U. (formerly No. 161); The Curlews No. 103—J.U. (formerly No. 24); Primkop No. 116—J.U. (formerly No. 16); Manchester No. 121—J.U. (formerly No. 179); The Valley Farm No. 127—J.U. (formerly No. 45); and Goedehoop No. 128—J.U. (formerly No. 172).

DESCRIPTION OF SUB-DISTRICTS.

Sub-district I.

Kruisfontein No. 226—J.T., situated in the District of Pilgrim's Rest and Zwartfontein No. 227—J.T., Klipkopje No. 228—J.T., Claremont No. 61—J.U., Goedhoop No. 60—J.U., Paardekop No. 59—J.U., The Fountains No. 58—J.U. and Nooitgedacht No. 62—J.U., situated in the District of Nelspruit.

Sub-district II.

White River No. 64—J.U. (excluding the White River Township and Extensions), Waterval No. 65—J.U., The Ranch No. 66—J.U., Curlews Settlement No. 100—J.U. and Blinkwater No. 101—J.U., situated in the District of Nelspruit.

Sub-district III.

Umgenyana No. 102—J.U., The Curlews No. 103—J.U., Primkop No. 116—J.U., Manchester No. 121—J.U., The Valley Farm No. 127—J.U. and Goedehoop No. 128—J.U., situated in the District of Nelspruit.

No. 62, 1961.]

SEA FISHERIES ACT, No. 10 OF 1940.

Under the powers vested in me by section *four* of the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), as amended, I hereby declare that no person shall catch or disturb—

(i) pilchards (*Sardinops ocellata*) during the period from the first day of August to the thirty-first day of December, in any year, both days inclusive; or

(ii) maasbankers (horse mackerel) (*Trachurus trachurus*) or mackerel (*Scomber japonicus*) during the period from the first day of August to the thirty-first day of October, in any year, both days inclusive,

in the area bounded by the coast line northwards from Cape Agulhas to the southern side of the Orange River Mouth; thence in a straight line due west for 100 miles to a point in the sea; thence in a straight line in a

'n punt in die see 100 myl reg wes van Kaap Agulhas, en daarvandaan in 'n reguit lyn oor 'n afstand van 100 myl reg ooswaarts tot by die beginpunt, mag vang of versteur nie.

Die voorgaande bepaling geld nie ten opsigte van die vang van pelsers of marsbankers („horse mackerel") of makriel vir enige ander doel nie as—

(*a*) inmaakdoeleindes of die vervaardiging van vismeel, visolie of vismisstof; of
(*b*) verkoop aan 'n persoon vir die doel van inmaak of die vervaardiging van vismeel, visolie of vismisstof.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Twaalfde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

N. DIEDERICHS.

No. 63, 1961.]

GROND UITGESLUIT VAN DIE TOEPASSING VAN PROKLAMASIE No. 75 VAN 1929.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *sewe* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek dat die grond in bygaande Bylae beskryf en geleë in die kiesafdeling Namakwaland, provinsie Kaap die Goeie Hoop, hierby uitgesluit word van die toepassing van Proklamasie No. 75 van 1929, waarby die prospektering na edelgesteentes op alle plase of grond in gemelde kiesafdeling Namakwaland vir 'n onbepaalde tyd verbied word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

N. DIEDERICHS.

M.M. 11/10/821 e.a.

BYLAE.

Beskrywing van Grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde Eienaar.*
Afdeling Vanrhynsdorp:		
Restant van die plaas Naauwkoes	195·6490 morg	Magrieta Maatjie van Zyl.
Gedeelte 6 ('n gedeelte van Perseel D) van die plaas Zoutfontein	983·6608 morg	Robert Daniel Wicomb.
Restant van die plaas Matjesfontein	8,159 morg 438 vierkante roede	Jan Hendrik Marthinus Nieuwoudt, Gert Nieuwoudt en Matthys Michielse Nieuwoudt.
Afdeling Namakwaland:		
Restant van die plaas Koisabes	12,000·0001 morg	Cornelis Johannes Hayes.
Plaas Wolftoen.....	10,577 morg 405 vierkante roede	Cornelis Johannes Hayes.
Restant van die plaas Kliphakskeen	8,044·0173 morg	Petrus Johannes van den Heever.
Plaas Matjies Kloof...	4,659 morg 455 vierkante roede	Floris Kotze.

No. 64, 1961.]

VERANDERING VAN BENAMING VAN DIE HOOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewe-en-twintig* van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), wysig ek hierby, ooreenkomstig die aanbeveling van die Staatsdienskommissie, die Eerste Bylae van genoemde Wet met ingang van die datum van publikasie

southerly direction to a point in the sea 100 miles due west from Cape Agulhas, and thence in a straight line for 100 miles due east to the point of commencement.

The foregoing prohibition shall not apply in respect of the catching of pilchards, maasbankers (horse mackerel) or mackerel for any purpose other than—

(*a*) canning or the production of fish meal, fish oil or fish fertilizer; or
(*b*) sale to any person for the purpose of canning or the production of fish meal, fish oil or fish fertilizer.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twelfth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

No. 63, 1961.]

LAND EXCEPTED FROM THE APPLICATION OF PROCLAMATION No. 75 OF 1929.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (2) of section *seven* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I declare that the land described in the attached Schedule and situate in the Electoral Division of Namaqualand, Province of the Cape of Good Hope, is hereby excepted from the application of Proclamation No. 75 of 1929, whereby prospecting for precious stones on all land, farms or ground in the said Electoral Division of Namaqualand is prohibited for an indefinite period.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Tenth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

M.M. 11/10/821 etc.

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
Division of Vanrhynsdorp:		
Remainder of the farm Naauwkoes	195·6490 morgen	Magrieta Maatjie van Zyl.
Portion 6 (a portion of Lot D) of the farm Zoutfontein	983·6608 morgen	Robert Daniel Wicomb.
Remainder of the farm Matjesfontein	8,159 morgen 438 square roods	Jan Hendrik Marthinus Nieuwoudt, Gert Nieuwoudt and Matthys Michielse Nieuwoudt.
Division of Namaqualand:		
Remainder of the farm Koisabes	12,000·0001 morgen	Cornelis Johannes Hayes.
Farm Wolftoen.....	10,577 morgen 405 square roods	Cornelis Johannes Hayes.
Remainder of the farm Kliphakskeen	8,044·0173 morgen	Petrus Johannes van den Heever.
Farm Matjies Kloof...	4,659 morgen 455 square roods	Floris Kotze.

No. 64, 1961.]

CHANGE IN DESIGNATION OF THE HEAD OF THE DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

Under the powers vested in me by section *twenty-seven* of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), I hereby amend, in accordance with the recommendation of the Public Service Commission, the First Schedule to the said Act with effect from the date of publication hereof,

hiervan deur die woorde „Direkteur van Waterwese" waar hulle in kolom II van genoemde Bylae voorkom, deur die woorde „Sekretaris van Waterwese", te vervang.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

J. DE KLERK.

No. 65, 1961.]

PLAASLIKE TRANSPORTGEBIEDE.—DIE MOTORTRANSPORTWET, 1930 (WET No. 39 VAN 1930), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*b*) van artikel *agt* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die Plaaslike Transportgebiede wat omskryf word in die Bylae van Proklamasie No. 334 van 1948, soos gewysig by Proklamasies Nos. 99 van 1950, 55 van 1951, 100 van 1953, 250 van 1953, 199 van 1954, 141 van 1956, 199 van 1956 en 242 van 1958, met ingang van die datum van uitvaardiging hiervan, ooreenkomstig die Bylae hierby aangeheg, verder gewysig word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Tiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

PLAASLIKE TRANSPORTGEBIED.

Gebied No.	*Hoofkantoor van Plaaslike Raad.*	*Wysiging.*
13.	Port Elizabeth.....	Deur die Landdrosdistrik Kirkwood by te voeg.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 519.] [25 Augustus 1961.

BEHEERKOMITEE, KAMEELDRIFT-WES-NEDERSETTING, DISTRIK BRITS.—AANSTELLING VAN LID.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ingevolge die bepalings van paragraaf 9 van die regulasies opgestel kragtens artikel *agt-en-sewentig* van die Nedersettingswet, No. 21 van 1956, soos gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 60 van 16 Junie 1961, Daniël Fredrik du Toit in die plek van Paul Michiel Prinsloo tot lid van die Beheerkomitee, vir dié gedeelte van die Hartebeestpoort-staatswaterskema, distrik Brits, wat as Kameeldrift-Wes bekend staan, verkies is vir die oorblywende gedeelte van die tydperk waarvoor genoemde Paul Michiel Prinsloo ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 1110 van 29 Julie 1960 verkies is om as lid van genoemde Beheerkomitee te dien.

No. 520.] [25 Augustus 1961.

AANSOEK DEUR DIE MUNISIPALITEIT KLEINMOND OM DIE HUUR VAN 'N GEDEELTE STRAND GRENSENDE AAN SY REGSGEBIED.

Hierby word ingevolge artikel *vier* (3) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande van voorneme is om aan die Munisipaliteit Kleinmond 'n gedeelte strand, grensende aan sy regsgebied, geleë tussen die Palmietrivier en die oostelike grens van die plaas Hangklip, te verhuur.

(Lande D. 16328/55.)

by the substitution for the words "Director of Water Affairs" where they appear in column II of the said Schedule, of the words "Secretary for Water Affairs".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twelfth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

No. 65, 1961.]

LOCAL TRANSPORTATION AREAS.—THE MOTOR CARRIER TRANSPORTATION ACT, 1930 (ACT No. 39 OF 1930), AS AMENDED.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*b*) of section *eight* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, I hereby declare that the Local Transportation Areas described in the Schedule to Proclamation No. 334 of 1948, as amended by Proclamations Nos. 99 of 1950, 55 of 1951, 100 of 1953, 250 of 1953, 199 of 1954, 141 of 1956, 199 of 1956 and 242 of 1958, shall be further amended to the extent set forth in the Schedule annexed hereto with effect from the date of promulgation hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Tenth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

LOCAL TRANSPORTATION AREA.

Area No.	*Headquarters of Local Board.*	*Extent of Amendment.*
13.	Port Elizabeth.....	By addition of the Magisterial District of Kirkwood.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 519.] [25 August 1961.

COMMITTEE OF MANAGEMENT, KAMEELDRIFT-WES SETTLEMENT, DISTRICT OF BRITS.—APPOINTMENT OF MEMBER.

It is hereby notified for general information that in terms of paragraph 9 of the regulations framed under section *seventy-eight* of the Land Settlement Act, No. 21 of 1956, as amended, and published by Government Notice No. R. 60 of the 16th June, 1961, Daniël Fredrik du Toit has been elected in the place of Paul Michiel Prinsloo as member of the Committee of Management of that portion of the Hartebeestpoort Government Water Scheme, District of Brits, known as Kameeldrift-Wes, for the remainder of the term for which the above-mentioned Paul Michiel Prinsloo was elected to serve as member of the said Committee in terms of Government Notice No. 1110 of the 29th July, 1960.

No. 520.] [25 August 1961.

APPLICATION BY THE MUNICIPALITY OF KLEINMOND TO LEASE A PORTION OF THE SEA-SHORE ADJOINING ITS AREA OF JURISDICTION.

Notice is hereby given, in terms of section *four* (3) of the Sea-shore Act, 1935, that the Minister of Lands proposes to lease to the Municipality of Kleinmond a portion of the sea-shore, adjoining its area of jurisdiction, situate between the Palmiet River and the eastern boundary of the farm Hangklip.

Lands D. 16328/55.)

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 529.] [25 Augustus 1961.

ONTTREKKING VAN GEDEELTE VAN DIE GEDEMARKEERDE BOSSTREEK.

Ooreenkomstig die besluit geneem deur beide Huise van die Parlement gedurende die sitting van 1961 (Volksraad, 26 Mei 1961; Senaat, 15 Junie 1961), kragtens artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word die gedeeltes van die gedemarkeerde bosreservaat in die Bylae hiervan gemeld, hierby aan die gedemarkeerde bosstreek onttrek.

BYLAE.

Afdeling.	Beskrywing van grond.	Grootte.		Gedemarkeer by Goewermentskennisgewingnommer.
		Morg.	Vierkante roede.	
Kaap....	Perseel D van Retreat, samestellende gedeelte No. 1 van Retreatbosreservaat No. 124	6	30	891/1906
Kaap....	Gedeelte van Perseel E van Retreat, samestellende gedeelte No. 2 van Retreatbosreservaat No. 124.....	2	67	891/1906

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 521.] [25 Augustus 1961.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE 3-PERSENT-EFFEKTE, 1958/65, SERTIFIKAAT No. 1074, VIR R20, TEN GUNSTE VAN MEVR. FLORENCE MARY BENSON (WEDUWEE).

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

No. 522.] [25 Augustus 1961.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte vanaf 1 September 1961 tot en met 1 Oktober 1961 gesluit sal wees en dat die Dividende betaalbaar op 1 Oktober 1961 aan die Effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde 3 Persent-effekte, 1960/70.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 530.] [25 Augustus 1961.

MOTORTRANSPORTREGULASIES, 1956, SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Vervoer het kragtens artikel *negentien* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, die Motortransportregulasies, 1956, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1110 van 29 Junie 1956, soos gewysig, met ingang van die datum van afkondiging hiervan verder gewysig deur in paragraaf 51 (*a*) (vi) die woord „Kirkwood" na die woord „magistraatsdistrikte" in te voeg.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 529.] [25 Augustus 1961.

EXCISION OF PORTION OF THE DEMARCATED FOREST AREA.

In accordance with the resolution adopted by both Houses of Parliament during the 1961 Session (Assembly, 26th May, 1961; Senate, 15th June, 1961), in terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, the portions of the demarcated forest reserve referred to in the Schedule hereto are hereby withdrawn from the demarcated forest area.

SCHEDULE.

Division.	Description of Land.	Area.		Demarcated by Government Notice No.
		Morgen.	Square Roods.	
Cape...	Lot D of Retreat, Component No. 1 of Retreat Forest Reserve No. 124.....	6	30	891/1906
Cape...	Portion of Lot E of Retreat, Component No. 2 of Retreat Forest Reserve No. 124.....	2	67	891/1906

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 521.] [25 August 1961.

3 PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1958/65, CERTIFICATE No. 1074 FOR R20, ISSUED IN FAVOUR OF MRS. FLORENCE MARY BENSON (WIDOW).

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate as applied for, will be issued.

No. 522.] [25 August 1961.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stock will be closed from the 1st September, 1961, to the 1st October, 1961, both days inclusive, and that the Dividends due on the 1st October, 1961, will be paid to the Stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books:—

3 Per Cent Local Registered Stock, 1960/70.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 530.] [25 August 1961.

MOTOR CARRIER TRANSPORTATION REGULATIONS, 1956, AS AMENDED.

In terms of section *nineteen* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, the Minister of Transport has, with effect from the date of promulgation hereof, further amended the Motor Carrier Transportation Regulations, 1956, published by Government Notice No. 1110, dated the 29th June, 1956, as amended, by the insertion in paragraph 51 (*a*) (vi) thereof, after the word "of" where it appears for the first time, of the word "Kirkwood".

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 513.] [25 Augustus 1961.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet no. 22 van 1960) goedkeuring daaraan te verleen dat die Siekefondsregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos volg gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

SIEKEFONDSREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

Regulasie no. **1.** (*Van krag van* 31 *Mei* 1961.)

Vervang die woord „ Unie " in die omskrywing van die uitdrukking „ Suid-Afrika " deur die woord „ Republiek ".

Regulasie no. **20.** (*Van krag van* 31 *Mei* 1961.)

Vervang die woorde „ een van Sy Majesteit se weermagte " in paragraaf (4) deur die woorde „ die Suid-Afrikaanse Weermag of, voor 31 Mei 1961, in enige van die Britse Koninklike magte ".

Regulasie no. **21.** (*Van krag van* 31 *Mei* 1961.)

Vervang die woorde „ een van Sy Majesteit se magte " in subparagraaf (*c*) van paragraaf (1) deur die woorde „ die Suid-Afrikaanse Weermag of, voor 31 Mei 1961, in enige van die Britse Koninklike magte ".

Vervang die woorde „ een van Haar Majesteit se magte " in subparagraaf (*c*) van paragraaf (2) deur die woorde „ die Suid-Afrikaanse Weermag of, voor 31 Mei 1961, in enige van die Britse Koninklike magte ".

Regulasie no. **22.** (*Van krag van* 31 *Mei* 1961.)

Vervang die woorde „ een van Sy Majesteit se magte " in subparagraaf (*a*) (iv) van paragraaf (1) deur die woorde „ die Suid-Afrikaanse Weermag of, voor 31 Mei 1961, in enige van die Britse Koninklike magte ".

Regulasie no. **32.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ 5s. 0d." deur „ 50c " op beide plekke waar dit in hierdie regulasie voorkom.

Regulasie no. **33.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ 10s. 0d." deur „ R1.00 " op beide plekke waar dit in hierdie regulasie voorkom.

Regulasie no. **43.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ 5s. 0d." in hierdie regulasie deur „ 50c ".

Regulasie no. **45.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £50 " in subparagraaf (*a*) van paragraaf (3) deur „ R100.00 ".

Vervang „ £1. 1s." in subparagraaf (*a*) van paragraaf (4) deur „ R2.10 " en „ £2. 2s." in subparagraaf (*c*) van paragraaf (4) deur „ R4.20 ".

Vervang „ 5s." en „ £4. 4s." in paragraaf (5) onderskeidelik deur „ 50c " en „ R8.40 ".

Vervang „ 17s. 6d." in subparagraaf (*d*) van paragraaf (10) deur „ R1.75 ".

Regulasie no. **46.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £100 " in subparagraaf (*c*) deur „ R200.00 ".

Regulasie no. **47.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £20 " in hierdie regulasie deur „ R40.00 ".

Regulasie no. **48.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £5. 5s." in paragraaf (6) deur „ R10.50 ".

Regulasie no. **51.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £2. 2s." in paragraaf (1) deur „ R4.20 ".

Regulasie no. **62.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £12. 10s. 0d." in paragraaf (5) deur „ R25.00 ".

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. 513.] [25 August 1961.

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Sick Fund Regulations, being amended as follows:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

SICK FUND REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

Regulation No. **1.** (*Operative from* 31*st May*, 1961.)

In the definition of the term " South Africa ", substitute the word " Republic " for the word " Union ".

Regulation No. **20.** (*Operative from* 31*st May*, 1961.)

In paragraph (4), substitute the words " the South African Defence Force or, prior to the 31st May, 1961, in any of Her Britannic Majesty's Forces " for the words " any of His Majesty's Forces ".

Regulation No. **21.** (*Operative from* 31*st May*, 1961.)

In sub-paragraph (*c*) of paragraph (1), substitute the words " the South African Defence Force or, prior to the 31st May, 1961, in any of Her Britannic Majesty's Forces " for the words " any of His Majesty's Forces ".

In sub-paragraph (*c*) of paragraph (2), substitute the words " the South African Defence Force or, prior to the 31st May, 1961, in any of Her Britannic Majesty's Forces " for the words " any of Her Majesty's Forces ".

Regulation No. **22.** (*Operative from* 31*st May*, 1961.)

In sub-paragraph (*a*) of paragraph (1), substitute the words " the South African Defence Force or, prior to the 31st May, 1961, in any of Her Britannic Majesty's Forces " for the words " any of His Majesty's Forces ", which appear in clause (iv).

Regulation No. **32.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

Substitute " 50c " for " 5s. 0d.", which appears twice in this regulation.

Regulation No. **33.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

Substitute " R1.00 " for " 10s. 0d.", which appears twice in this regulation.

Regulation No. **43.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

Substitute " 50c " for " 5s. 0d.", which appears in this regulation.

Regulation No. **45.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

In sub-paragraph (*a*) of paragraph (3), substitute " R100.00 " for " £50 ";

In paragraph (4), substitute " R2.10 " for " £1. 1s." in sub-paragraph (*a*); and " R4.20 " for " £2. 2s." in sub-paragraph (*c*);

In paragraph (5), substitute " 50c " and " R8.40 " for " 5s." and " £4. 4s." respectively; and in sub-paragraph (*d*) of paragraph (10), substitute " R1.75 " for " 17s. 6d.".

Regulation No. **46.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

In sub-paragraph (*c*), substitute " R200.00 " for " £100 ".

Regulation No. **47.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

Substitute " R40.00 " for " £20 " which appears in this regulation.

Regulation No. **48.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

In paragraph (6), substitute " R10.50 " for " £5. 5s.".

Regulation No. **51.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

In paragraph (1), substitute " R4.20 " for " £2. 2s.".

Regulation No. **62.** (*Operative from the April*, 1961, *pay-month.*)

In paragraph (5), substitute " R25.00 " for " £12. 10s.".

Regulasie no. **64.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ 2s. 6d." in subparagraaf (*d*) van paragraaf (1) deur „ 25c ".

Regulasie no. **74.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

Vervang „ £3. 3s. 0d." en „ £5. 5s. 0d." in paragraaf (*a*) onderskeidelik deur „ R6.30 " en „ R10.50 ".

Regulasie no. **74** bis. (*Van krag van* 31 *Mei* 1961.)

Vervang die woord „ Unieparlement " in die opskrif van hierdie regulasie en in die regulasie self deur die woord „ Parlement ".

Regulasie no. **79.** (*Van krag van die betaalmaand April* 1961.)

In paragraaf (1) vervang:

„ £7. 7s. 0d." deur „ R14.70 " in klousule (i) van subparagraaf (*a*);
„ £3. 3s. 0d." deur „ R6.30 " in klousule (ii) van subparagraaf (*a*);
„ £1. 1s. 0d." deur „ R2.10 " in subparagraaf (*b*);
„ £2. 2s. 0d." deur „ R4.20 " in subparagraaf (*c*);
„ £2. 2s. 0d." deur „ R4.20 " in subparagraaf (*d*);
„ £1. 0s. 0d." deur „ R2.00 " in subparagraaf (*e*);
„ 7s. 6d." deur „ 75c " in klousules (i), (ii) en (iii) van subparagraaf (*g*);
„ 5s. 0d." deur „ 50c " in klousule (iv) van subparagraaf (*g*);
„ 2s. 6d." deur „ 25c " in subparagraaf (*h*);
„ £1. 1s. 0d." deur „ R2.10 " in klousule (i) van subparagraaf (*i*);
„ £2. 2s. 0d." deur „ R4.20 " in klousule (ii) van subparagraaf (*i*);
„ £5. 5s. 0d." deur „ R10.50 " in klousule (i) van subparagraaf (*j*);
„ £2. 2s. 0d." deur „ R4.20 " in klousule (ii) van subparagraaf (*j*);
„ £1. 1s. 0d." deur „ R2.10 " in subparagraaf (*k*);
„ £1. 1s. 0d." deur „ R2.10 " in subparagraaf (*l*);
„ 8¾d." deur „ 7.29c " in subparagraaf (*m*);
